

**BEROEPENUUS— 17 Mrt 2013 (geen nuus ontvang nie)**

**Beroepe ontvang**

**Beroepe aanvaar**

**Beroepe bedank**

### **Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens – deur ds. RJ Visser**

#### ***Vanuit die apostelskap na verskillende ampte***

Sewe manne is aangestel om die diakonale take van die apostels oor te neem. Die apostels trek hulle van hierdie diakonale take terug. Ons lees naamlik in vers 2-4: *“En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van*

*die woord.”* Werkverdeling het plaasgevind. Beteken dit nou dat die apostels en die diakens langs mekaar begin leef? Nee, verseker nie. Nadat die name van die sewe diakens genoem is, lees ons in Handeling 6:6: *“... wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê”*. Handoplegging is onder andere die teken van amptelike gemeenskap tussen die apostels en die diakens. Hulle werk in diens van dieselfde Here. Hulle werk saam aan die versorging van Sy kudde. In Efesiërs 4:11-13 word dit omskryf: *“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus”*. Die apostels was besondere ampsdraers. Hulle amp was tydelik. ’n Apostel kon net ’n man wees wat Jesus se werk met eie oë en ore gesien en gehoor het, of iemand soos Paulus wat regstreeks deur Christus se eie stem geroep is en ook in Jesus se tyd geleef het. Dit word baie duidelik wanneer ’n nuwe twaalfde apostel in Judas se plek gekies moet word. Waaraan moet die twaalfde apostel voldoen? Petrus (gelei deur die Heilige Gees) verduidelik dit só dat hy een moet wees *“Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is – van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding”* (Handeling 1:21, 22). Die amp wat die apostelskap vervang, is die amp van ouderling. In die eerste gemeentes het die ouderlinge dieselfde take as die apostels in Jerusalem gekry. Hulle was in daardie tyd vir die hele versorging en leiding van die gemeente verantwoordelik. As Paulus in die begin die ampte instel, lees ons net van ouderlinge en nie van diakens nie. *Word vervolg*

19/03– Jennika Lorist 0823362278	24/03– Martie de Jonge 0711085944
23/03– Anna van Dyk 0724799710	24/03– Nico Roets 0825860824
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

*Baie geluk met u verjaarsdag*

Vir sy eie voordeel beklee ’n man ’n beroep; vir die voordeel van sy medemens volg hy ’n roeping –CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

## **Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

**www.gkpretoria.org.za OF**

**www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks:0123265287


Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

17 Maart 2013



### **EERSTE EREDIENS—(9h00 )**

**Skriflesing:** Levitikus 23:9-14

1 Korintiërs 15:20-23

**Teks:** Levitikus 23:9-14

**Sing:** Ps. 128:1,3; Ps. 22:9,11;

Ps. 25:4,7; Ps.116:5,9

### **FEES VAN DIE EERSTE VRUG**

Die eerste twee feeste, die Paasfees, die fees van die ongesuurde brode het ons verlede Sondag gebring tot by die kruis en tot by die graf van Jesus Christus. Paasfees word die fees van ons regverdigmaking. Dit wat ons hierdie jaar weer op 29 Maart mag vier. Die fees van die ongesuurde brode word vir ons die fees van ons heiligmaking.

Vanoggend- Die bewegende twee gerwe! Watter aangrypnde beweging het daardie Sondag-môre uit daardie graf uitgekom. Christus het sy graf uitbeweeg. Daar was lewe. Christus het die dood oorwin.

Ja, ons staan verstom hoe eeue oue feeste nou meteens in Christus hulle volle betekenis kry. Hy die eerste vrug van die volle som. Hierdie fees moet vir ons word die fees van ware toewyding.

**KATKISASIE—** Katkisasie gaan normaal voort. Sluit vandag af vir die kwartaal.

### **TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)**

**Skriflesing:** Levitikus 23:9-22; Handeling 1:4-8

**Teks:** Levitikus 23:15-22; Handeling 1:8

**Sing:** Ps. 33:1,3; Ps. 126:3; Sb.14:1,2

### **FEES VAN DIE WEKE/ PINKSTERFEES**

Die Pinksterfees bring die wonderlike unieke werk van God net verder na vore. Ons besef sonder die krag van God se Gees kan ek nie aangaan nie. Daar bestaan geen geestelike krag sonder die Heilige Gees nie.

Al oplossing wat daar vir my kan wees, as ek swaarkry, depressief teen die grond myself verpletter voel, moet ek myself nie vernietig nie. Die tyd van Pinkster, hierdie 4de fees, wil vir u en my bring by die vraag- waar soek jy jou krag, wat hou jou in jou lewe staande?!

Ons wat weet ons kan alleen aangaan, staande bly as ons God se Wet in ons lewens gehoorsaam en toepas. Pinkster word deur sommige ook genoem as fees van wetgewing. 50 dae na die uittog uit Egipte het God sy Wet by Sinai gegee. 50 dae na Christus se opstanding (die fees van die eerste vrug) het God sy Heilige Gees ten volle uitgestort (Pinksterfees)... Die Wet en die Gees staan saam.

### **Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
pjventer@gkpretoria.org.za  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
www.gk-pretoria.weebly.com

### **Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**

#### **Vandag-Wyke 25 en 1**

Ouderlinge: Willie J/van Rensburg en Deon Vosloo  
Diakens: Marinus Lorist en Chris Putter

#### **Volgende Sondag– Wyke 2 en 4**

Ouderlinge: Koos van der Merwe en Pieter van der Dussen  
Diakens: Francois Keulder

## DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

**Sr Marietjie Minnaar** word DV Dinsdag gepereer. Haar langdurige rugpyn het die dokter vasgestel word veroorsaak deur 'n vergroeiings aan die rug wat al tussen werwels inbeweeg het. Ons gebed is dat alles goed mag verloop en sy volkome mag herstel na die weke van baie lyding. **Sr Petro Riphagen** is al n week tuis na haar rug-operasie. Ons bid haar volkome herstel toe. **Br Johan Vosloo** wat knie-operasie ondergaan het word volkome herstel toegebied. Hy is ook reeds tuis. **Br. Jaco Venter** wat n gedeeltelike skouer-vervanging operasie ondergaan het, word volle herstel toegebied. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** is ons dankbaar dat sy weer n paar treetjies kon loop. Al is sy nog baie swak kon sy darem na haar kamer terugkeer. Ons is saam met haar en die familie dankbaar. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroom van die Here opgedra. Ons vertrou dat die Here hom vanuit sy gesondheid terugslae sal sterk maak. **Sr Esmé Coetzee** wat onlangs ook 'n operasie moes ondergaan word volledige herstel toegebied. **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr's Lenie Labuschagne en Hester van Vuuren** wat beide vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroom van die Here opgedra. Hulle is in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

## WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLITik>  
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/on.fb.me/14sXfbM)

## SUSTERS– EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Die susters het versoek dat ons aan die Paul Kruger kindershuis op meer gereelde basis van blikkies-kos en ander nie-bederfbare produkte skenk. Daar sal by al die ingange van ons kerkgebou karton-houers geplaas word waarin u hierdie produkte kan plaas. Dit sal dan op deurlopende basis leeggemaak word en aan die kindershuis geskenk word.

## KOLLEKTE

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	S-. Kollekte- Veldbrande Noord-Kaap
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- houding
<b>24/03/2013 1ste diens</b>	DVB	Fransie Radio
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- houding

## DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
<b>20/03</b>	Skole sluit
<b>22/3—2/4</b>	Ds. Petrus met verlof
<b>29/03</b>	Goeie Vrydag- Erediens 9h00
<b>3/4-7/4</b>	Tessa-trust jaar verg. in Zambië (Petauke kollege)
<b>09/04</b>	Skole open
<b>10/04</b>	Katkisasie-kom vergader
<b>14/4</b>	Dr. Jacques Howell bevestiging Die Kandelaar
<b>16/04</b>	Klassis-Die Moot vergader
<b>11/04</b>	Susters bestuur vergader
<b>20/04</b>	65+ Verg
<b>23/04</b>	Finans-en Advies verg
<b>25/04</b>	Kerkraad vergadering

## PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kindershuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

## ARTEMIS VOKALE ENSEMBLE

23 Maart 2013 by Gerf kerk Die Kandelaar  
18:45-20:15  
Kort voorlesings uit Calvin se kommentaar op Pss 1, 22, 69,66  
Gevolg deur koor-voordragte

## MATTHEUS – AAN DIE HAND VAN TOTIUS– verwerk deur ds. H.T. de Vil-

### DIE EVANGELIE: MATTHEÛS KANON – INHOUD EN PLEK VAN DIE BOEK IN DIE OPENBARING VAN GOD

Vervolg van verlede week

#### 4.TAAL VAN DIE BOEK

#### Grieks, of Aramees/Hebreeus ?

As Levi die skrywer was, wat gemik het op die Jode, is Aramees 'n groot moontlikheid. Dit is immers baie moontlik om te dink dat die Evangelie dadelik gerig was op Israel. Kenners wys daarop dat selfs die Grieks waarin Matth oorgelewer is, deurspek is met Hebreeuse gedagtes en idioome. Die eerste twee hoofstukke leen hulle tot hierdie gedagte (geslagsregister, ens). Eksterne getuigenis wat Matth verbind met hierdie Evangelie, spreek sterk van Aramees. Die sterk ooreenkomste tussen die eerste drie Evangelies wys ook daarop.

Tog wys sekere dele van Matth daarop dat die skrywer die "Septuaginta" (Griekse vertaling van die O/Test) gebruik het. Baie Jode het al vir lank nie meer Hebreeus of Aramees geken nie, en Joodse geleerdes het die Ou Test. vertaal. Dit is tog meer waarskynlik dat die evangelie in die bekende wêreldtaal geskryf sou wees.

#### 5.ANDER SAKE

#### Kanonisiteit.

Hierdie boek is van die begin af aanvaar as deel van die geopenbaarde Woord van God (Kanonieke boeke).

#### Plek waar geskryf is.

Dit is nie 'n belangrike saak nie, en daar is geen aanduiding waar Mattheüs hom sou bevind het nie.

#### Tyd van skrywe.

Ontleding van die inhoud van die boek, sowel as die wyse van onderrig, wil wys daarop dat dit nie later as 75 nC geskrywe is nie. Die eerste drie boeke van die Nuwe Test is in 'n onderrigstyl geskryf wat die styl in Johannes voorafgegaan het.

#### Skrywer se lewe.

Levi was voor sy roeping deur Christus

'n tollenaar, en het daardie beroep verlaat om die Here te volg. Soos by alle Bybelboeke was deur die geskiedenis baie *spekulasies* oor die skrywers, behalwe waar die Woord baie duidelik is daarvoor.

Die invorderaars van belasting vir die Romeine was verag en gehaat, veral omdat baie die posisie misbruik het om hulle self te verryk. Dink bv aan Saggeüs se voorneme by sy bekering om terug te gee wat hy onregmatig verwerf het. Met sy bekering berei Levi 'n feesmaal vir Jesus. Levi, het sy ou weë verlaat en word Mattheüs – die gawe van Jahweh. In die evangelies en Handeling word hy nooit by name genoem nie, maar ons kan aanvaar dat waar van die Dissipels in die algemeen gepraat word, hy ook bedoel word.

Na die uitstorting van die Heilige Gees sou sy aandag ook net op Jode gerig wees, soos die van al die ander. Eerste wat vermeld word dat hulle aan heidene verkondig het, was Filippus, wat in Samaria gewerk het en toe die hofdienaar uit Ethiopië gedoop het. Ons lees dan van die openbaring van die laken uit die hemel, waarop Petrus die hoofman Cornelius en sy huis gedoop het. Na vele jare van voorbereiding (ten minste veertien), stuur God vir Paulus as die Apostel, gestuurde, na die heidene.

#### Koninkryksprediking.

Mattheüs praat gereeld van "die Koninkryk van die hemele" of "die Koninkryk van God." Daarmee beklemtoon hy God se regering, wat reeds bestaan, en in sy volmaaktheid kom. Aangesien hy as Jood baie bekend was met die Jode se veragting van 'n Messias wat Israel *nou* sal kom verlos, bring hy sy lesers met Jesus se woorde oor die Koninkryk by die feit dat die Kerk deel is daarvan, met Christus as Koning – nie 'n aardse koninkryk nie.

*word vervolgt.*

## HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

4 Mrt. 1894– Pres Steyn Vrystraat ingesweer; 6 Mrt. 1816– Slagtersnek rebellie; 7 Mrt. 1901– Slag by Tweebos; 16 Mrt. 1852– Poigietier en Pretorius versoen te Rustenburg; 20 Mrt. 1862– 1 ste Algemene Kerkvergadering GKSA Reddersburg; 24 Mrt. 1880– Volksbyeenkoms op Kleinfontein; 25 Mrt. 1807– Slawehandel opgehef; 26 Mrt. 1858– Lasbrief aan ds. D Postma na Suid-Afrika uitgereik.